

Gereformeerde Kerk Bellville – 13 Maart 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 47:1, 4 (p. 240)

- 1 Juig, o volke, juig! Handklap en betuig / voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug!
Sing Hom lof en prys op verhewe wys, / want bo al wat leef en voor Hom moet beef,
sal sy septer wink en sy glorie blink – / Allerhoogste in eer, groot is God die HEER!
- 4 Psalmsing tot Gods eer! Weet dat Hy regeer. / Hy het opgevaar, Koning is Hy daar
van die heidendom. Vorste en volke kom / om sy volk te wees, Abrams God te vrees.
Skild en teëweer is van U, o HEER! / Sing dan juublend bly! Hoog verhewe is Hy!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 95:1, 4 (p. 477)

- 1 Kom, laat ons jubel voor die HEER, / laat ons Hom toesing lof en eer –
die rots van heil wat ons oordek het. / Laat ons met lof en eerbiedsgroet
sy vriendlike aangesig ontmoet / wat nuwe vreugde in ons gewek het.
- 4 Hy's onse God en Herder, Hy, / en ons die skape van sy wei
wat uittrek onder sy beskerming. / As jul vandag sy roepstem hoor,
verhard jul nie, maar neig jul oor, / merk op die roep van sy ontferming.

Gebed

Psalm 34:6, 7, 8 (p. 167)

- 6 Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.
- 7 God wend sy aangesig / teen hul wat sy bevel weerstaan,
Hy laat hul naam met hul vergaan / deur hoogste strafgerig;
maar Hy sien gunstig neer / op die regverdige geslag;
Hy neig sy ore tot hul klag / en red hul altyd weer.
- 8 Die HEER's die hart naby / wat gans verbroke is en verskeur.
Die gees wat diep verslae treur, / verlos, bemoedig Hy.
Hoe kom hul altyd weer, / die teespoede van wie hier
regverdig leef; maar Gods bestier / red hulle keer op keer.

Skriflesing: Matteus 22:1-14; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3 en 4, Artikel 8

Kernvers: Matteus 22:4

**Weer het hy ander diensknegte uitgestuur met die boodskap: Sê vir die
genoides: Kyk, my maaltyd het ek berei, my beeste en vetgemaakte
vee is geslag en alles is gereed. Kom na die bruilof.
(Matteus 22:4 AFR53)**

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 3 en 4, Artikel 8

*Almal wat egter deur die evangelie geroep word, word in alle erns geroep. Want in alle
erns en waarheid betuig God in sy Woord wat sy wil is: Die geroepenes moet na Hom toe
kom. In alle erns belowe Hy ook aan almal wat na Hom toe kom en glo, rus vir hulle siele
en die ewige lewe.*

'n Oorsig van Hoofstuk 3 en 4:1-7 en verduideliking by artikel 8

Die titel van hierdie hoofstukke is *Die verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit (die bekering) plaasvind*. In artikel 1 begin ons eers om te bely hoe die mens was nadat God hom geskep het. In die tweede deel van die artikel bely ons hoe dit gebeur het dat die mens 'n sondaar geword het en hoe verdorwe hy werklik is.

In artikel 2 en 3 bely ons verder aangaande die verdorwenheid van die mens. Dit is nie net die eerste twee mense wat verdorwe geword het deur die sondeval nie. Die kinders wat uit hulle gebore is, is net so sondig soos wat hulle ouers is. Net Christus wat ook uit 'n vrou gebore is, is hierin 'n uitsondering. Hy is sondeloos. Maar alle ander mense word in sonde ontvang en gebore.

Aan die einde van artikel 3 begin ons bely oor die bekering van die mens. Slegs die Heilige Gees kan die genade van die wedergeboorte skenk sodat die mens hom tot God kan bekeer. Hier is die eerste aanduiding van die wyse waarop die bekering van die mens plaasvind.

Aangesien die mens van nature nie sy eie hulpeloosheid wil aanvaar nie, poog hy alewig om te sien of daar nie iets is wat hy self kan doen om tot bekering te kom nie. Daarom bely ons in artikel 4 en 5 oor die bietjie lig van die natuur wat in die mens oorgebly het na die sondeval sowel as oor die Wet van God. Die mens kan egter nie die bietjie lig van die natuur of die Wet gebruik om tot saligmakende kennis van God te kom nie, want die mens is in sy diepste wese 'n sondaar, en alles wat hy doen is met sonde en skuld besmet en belaa.

In artikel 6 begin ons by die hart van hierdie hoofstukke uitkom. Wat die mens nie met die lig van die natuur of met die Wet kan regkry nie – naamlik om tot bekering te kom nie – dit doen God deur die Heilige Gees en met die Woord. God het immers in die ewigheid reeds besluit dat die Heilige Gees met die Woord – dit is die evangelie van die Messias – mense van alle eeue tot bekering en geloof in Hom sal bring.

Aanvanklik het God die evangelie van die Messias net aan die uitverkore nageslag van Abraham gebring. Dat God dit aanvanklik net aan hulle gebring het, berus geheel en al op sy eie besluit en nie omdat hulle beter as ander volke was nie. Met die koms van Christus in die wêreld het God die onderskeid tussen volke weggeneem sodat die evangelie van die Messias aan alle volke verkondig word. Aan die einde van artikel 7 bely ons dat nie alle mense die genade van die wedergeboorte wat uitloop op bekering en geloof ontvang nie. Diegene wat wel hierdie genade ontvang moet nie geestelik hoogmoedig wees teenoor hulle wat nie hierdie genade ontvang nie. Hulle moet nederig en dankbaar wees vir die genade en God se strengheid en regverdigheid eerbiedig sonder om nuuskierig te ondersoek waarom hulle die genade ontvang het en ander nie.

In artikel 8 spreek ons 'n beswaar aan wat by die mens van nature kom. Daar word aanvaar dat die mens nie self iets kan doen om tot bekering te kom nie – hy kan nie die lig van die natuur of die Wet gebruik nie. Daar word ook aanvaar dat die Here die bekering laat plaasvind deur die krag van die Heilige Gees en met die Woord. Waar die Woord verkondig word, bewerk die Heilige Gees die wedergeboorte met die Woord in mense se harte. Maar nou gebeur dit dat nie almal wat die Woord hoor dan tot bekering kom nie. En die eerste wat die mens nou doen, is om die fout by God te soek. Die veronderstelling waarop die beswaar van die mens rus, is dat God nie ernstig was toe Hy die mense geroep het wat dan nie tot bekering gekom het nie.

Daarom bely ons in artikel 8: ***Almal wat egter deur die evangelie geroep word, word in alle erns geroep. Want in alle erns en waarheid betuig God in sy Woord wat sy wil is: Die geroepenes moet na Hom toe kom. In alle erns belowe Hy ook aan almal wat na Hom toe kom en glo, rus vir hulle siele en die ewige lewe.***

Let op dat ons tot drie maal sê dat God in alle erns te werk gaan met die mens. Almal word in alle erns geroep. God betuig in alle erns en waarheid wat sy wil is. En in alle erns belowe God rus en die ewige lewe aan die wat na Hom toe kom.

Tema: Wanneer mense tot bekering geroep word, is God ernstig

Geliefde broers en susters van ons Here Jesus Christus, wanneer die mens homself wil verontskuldig en sy eie optrede regverdig, ontsien hy regtig niks en niemand nie. Hy sal in sy verwaandheid selfs sover gaan om die Here te beskuldig van iets so laakbaar soos agterbaksheid.

Die dwaalleraars teen wie se dwalings ons Dordtse Leerreëls opgestel is, wou te kenne gee dat die leer van die uitverkiesing en die roeping van mense met die evangelie van die Messias nie met mekaar versoen kan word nie. Hulle het die gereformeerdes daarvan beskuldig dat hulle God as 'n huigelaar voorstel. Hierdie beskuldiging het hulle op die volgende stellings gegrond. Hulle sê: Julle gereformeerdes verkondig dat God verkondigers van die evangelie na alle mense stuur en in dieselfde asem sê julle gereformeerdes ook dat God voor die skepping 'n sekere aantal mense uitverkies het. Dus weet God mos voor die tyd wie tot bekering en geloof sal kom wanneer die evangelie verkondig word. En dan maak die dwaalleraars hierdie gevolgtrekking: God het die mense wat nie tot bekering en geloof gekom het nie, nie in alle erns geroep nie.

En dan gaan hulle verder met hulle argument. As dit dan regtig so is dat God in alle erns mense tot bekering en geloof roep met die evangelie, moet alle mense mos ook tot bekering en geloof kom. Daarom, sê die dwaalleraars, kan die uitverkiesing en die erns van God wanneer Hy mense roep nie met mekaar versoen word nie.

Broers, susters en kinders, op 'n menslik logiese vlak voel ons ook aan dat hierdie twee sake nie met mekaar versoen kan word nie. As ons net na die dwaalleraars gaan luister, sal ons ook maar naderhand sê die uitverkiesing en God se erns om mense te roep kom nie bymekaar uit nie. En dan loop ons ook gevaar om in verwaandheid die Here van agterbaksheid te beskuldig. Hy roep mense, maar Hy bedoel dit nie regtig nie. Hy speel sommer net met hulle, want Hy het hulle mos in elk geval nie uitverkies nie. Voordat ons ons skuldig maak as regters oor God en sy werk, moet ons maar eers stil word by sy Woord en mooi luister wat Hy aan ons openbaar.

In die dae toe Jesus hierdie gelykenis vertel het, was die owerpriesters en Fariseërs al goed warm onder die kraag vir Jesus. Hulle het op elke denkbare manier probeer om Hom vas te trek sodat hulle van Hom ontslae kon raak. Ons sien dit ook raak in die konteks waar hierdie gelykenis opgeteken is. Jesus was in die tempel besig om die mense te leer toe die ower-priesters en ouderlinge Hom uitvra oor die gesag waarmee Hy optree en leer. Jesus het 'n teenvraag aan hulle gestel waarop hulle nie wou antwoord nie, want watter kant toe hulle ook sou antwoord, sou hulle skuld en ongeloof blootlê (Matt 21:23-27).

Daarop het Jesus verder gegaan om die geestelike leiers se skuld aan hulle uit te wys met

die drie gelykenisse wat Hy vertel het – die gelykenis van die twee seuns, die een van die landbouers en hierdie een van die bruilof. Jesus begin hierdie gelykenis met die woorde:

Die koninkryk van die hemele is soos 'n koning wat 'n bruilof vir sy seun berei het en sy diensknegte uitgestuur het om die genooies na die bruilof te roep.
(Matteus 22:2-3 AFR53).

Die woorde *koning*, *koninkryk van die hemele*, *bruilof* en *seun* is sleutelwoorde om hierdie gelykenis te verstaan. Ons wat twee weke gelede nagmaal gevier het, weet van die bruilofsmaal van die Lam, want dit is wat ons tydens die nagmaal verkondig het. Ons sien uit na die bruilofsmaal van die Lam. Hierdie bruilof waarvan ons in die nagmaal praat is die bruilof wanneer Jesus Christus teruggekom het en die laaste oordeel uitgespreek het. Dan sal al die gelowiges wat tot die ewige lewe uitverkies is bruilof hou saam met Christus. Hy is die bruidegom, en sy kerk wat oor alle eeue al bestaan is die bruid by hierdie bruilof.

In hierdie gelykenis is God die Vader die koning. Die bruilof wat berei is, verwys juis na die bruilofsmaal van die Lam. Wanneer Jesus Christus terugkom op die wolke gaan Hy met sy bruid in die huwelik tree en die bruid sal nooit weer van haar Bruidegom geskei wees nie. Die Seun in die gelykenis is natuurlik Jesus Christus self.

Met die woorde in vers 2 maak Jesus duidelik wat sy Vader se bedoeling is met *van voor die skepping af*. God wil mense hê wat Hom en sy Seun en die Heilige Gees gewillig en met opregte liefde dien eer. Hy wil mense rondom Hom hê in wie Hy Hom kan verlustig en oor wie Hy Hom kan verheug. En die mense moet hulle in Hom kan verheug. Ons God is immers die vriendelike God wat graag sy goedheid en genade aan mense wil uitdeel sodat hulle Hom kan loof en prys.

Maar tussen die bedoeling van God die Vader in die ewigheid en die tyd hier op aarde het die sondeval plaasgevind. As gevolg van die sondeval sou alle mense gediskwalifiseer wees om aan die bruilofsmaal van die Lam deel te neem. Na regte moes God alle mense op die daad tot niet gemaak het, want die straf op die sonde is die dood. Die Vader laat Hom egter deur niks van stryk bring nie. Hy wil mense hê wat Hom dien en liefhet. Hy wil vir sy Seun 'n bruilof hou. Daarom het die Vader in die ewigheid sy Seun gegee as Verlosser en Middelaar van mense om hulle te verlos. En Hy het ook 'n sekere aantal mense uit die ganse mensdom uitgekies wat Hy weer nuut sal maak sodat hulle 'n waardige bruid vir sy Seun kan wees.

Die voorbereiding van die bruilof het onsaglike groot kostes vir die Vader en die Seun ingehou. Die Seun moes Homself verneder en die gestalte van 'n mens aanneem. Hy moes Homself verder verneder tot in die dood – die dood aan die kruis. Dit is slegs deur sy dood aan die kruis dat Hy sy bruid kan verlos van die ewige verderf wat sy eintlik verdien.

In die stadium dat Jesus hierdie gelykenis vertel, is al die voorbereidings vir die bruilof nog nie klaar nie. Maar dit is so seker dat Hy aan die kruis gaan sterf ter betaling van mense se skuld dat Hy dit vertel asof die voorbereidings klaar is. Wat die Vader Hom voorgeneem het om te doen sal Hy beslis doen. Daaraan hoef niemand ooit te twyfel nie. Omdat hierdie bruilof vir die Seun beslis gaan plaasvind, word die verkondigers van die evangelie van die Messias al van die vroegste tye af uitgestuur na die genooies. Hulle moet na die bruilof geroep word.

'n Mens hoor die opgewondenheid oor die bruilof wat gaan plaasvind. En met groot opgewondenheid gaan die diensknegte uit om met die evangelie die genooies na die bruilof te roep. Maar hoe groot is die teleurstelling – die genooies wou nie na die bruilof

kom nie. Ons moet mooi hoor – dis nie dat die genooïdes nie kan kom nie, hulle wil nie na die bruilof kom nie.

Maar selfs nie eers hierdie onwilligheid stuit die Vader nie. Hy gee nie moed op nie. Hy het weer ander diensknegte uitgestuur. En luister net hoe dringend is hierdie boodskap:

Sê vir die genooïdes: Kyk, my maaltyd het ek berei, my beeste en vetgemaakte vee is geslag en alles is gereed. Kom na die bruilof! (Matteus 22:4 AFR53)

Niemand kan twyfel aan die erns waarmee die koning die genooïdes roep nie. Niemand moet twyfel aan die erns waarmee God mense met die evangelie tot bekering en geloof roep nie. Die opdrag kom baie duidelik uit: Kom na die bruilof! Hierdie woorde is in die Grieks as 'n bevel geskryf.

Die genooïdes steur hulle egter geensins aan die erns nie. Vir hulle maak dit nie saak hoeveel kostes die koning vir die bruilof aangegaan het nie. Hulle wil nie in die vreugde en blydskap van die koning en sy seun deel nie. Hulle het ander dinge waarmee hulle nou eerder besig wil wees. Hulle wil eerder hulle eie vreugde en blydskap skep met hulle rykdom – hulle wil eerder gaan boer en besigheid doen. En die genooïdes wat nie geboer of handel gedryf het nie, het die diensknegte gegryp en mishandel en doodgemaak.

Die koning het oor hierdie optrede van die genooïdes kwaad geword. Hy was nie kwaad omdat hulle die oproep om na die bruilof te kom geïgnoreer het nie. Hy was kwaad omdat hulle sy diensknegte doodgemaak het. Daarom gee hy bevel dat manskappe gestuur word om die moordenaars om te bring.

Hierdie genooïdes in die gelykenis is niemand anders as die volk Israel nie. Vir eeue al het die Here sy oproep in alle erns na die volk Israel laat uitgaan. In alle erns het die Here gesê dat dit nie sy wil is dat die sondaar as gevolg van sy sonde sterf nie, maar dat hy hom moet bekeer en lewe. Daarom roep die Here in alle erns. Maar Israel wou nie luister nie. Hulle het eerder die onskuldige bloed van die verkondigers gestort as om na die Here te luister. Uiteindelik het God die stad van daardie moordenaars met manskappe van die Romeinse weermag beleër en die onwillige genooïdes om die lewe gebring. In die jaar sewentig na Christus het die Romeinse Jerusalem beleër en ingeneem.

Omdat die genooïdes nie na die bruilof wou kom nie, het die Here sy verkondigers wyd en syd uitgestuur om van oral mense na die bruilof te roep, want die genooïdes was nie werd om na die bruilof te kom nie. In alle erns het die Here sy wil bekend gemaak: Kom na My toe! En elkeen wat kom hoor dat die Here in alle erns rus vir hulle siele en die ewige lewe aan hulle belowe.

Wanneer die Here mense na Hom roep en hulle gehoorsaam die stem van die Here en kom na Hom toe soos Hy hulle beveel, sal Hy nie een van hulle wegwys en sê dat hy nie bedoel is om na die bruilof te kom nie. Dit is nie hoe ons God is nie. Wanneer God vir die mens sê om hom te bekeer en na Hom toe te kom, bedoel Hy juis dit.

Jesus self het met groot bewoënheid oor Jerusalem uitgeroep:

Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en die wat na jou gestuur is, stenig, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak, soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke, en julle wou nie. (Lukas 13:34 AFR53)

Wie sal waag om te sê dat Jesus nie hierdie woorde opreg bedoel het nie? Wie sal onaangeraak bly deur hierdie woorde van Jesus? Net hulle wat nie wil kom as die Here hulle roep nie.

Saam met hierdie erns waarmee die Here mense roep met die evangelie hoor ons ook hoe daar verkondig word:

Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen des aanstoots en 'n rots van struikeling – vir dié wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is.

(1 Petrus 2:7-8 AFR53)

Daar is dus mense wat ook die ernstige roepstem van die Here in die evangelie hoor, maar ongehoorsaam bly en nie na die Here kom nie en uiteindelik ook in hulle ongeloof sterf en verlore gaan. Hulle is nie deur God uitverkies nie.

Nou kom ons na die beswaar van die dwaalleraars terug. Is God ernstig wanneer Hy mense met die evangelie roep om hulle te bekeer en te glo? Ja, Hy is ernstig. Is almal wat die evangelie hoor, uitverkies? Nee, nie almal nie. Hoe kan 'n mens dan hierdie twee waarhede met mekaar versoen? Ons mense kan dit nie doen nie. Ons mense sien hierdie twee waarhede vanuit ons oogpunt en probeer dit vir onself versoen terwyl ons denke besmet is met sonde. Rationeel maak dit nie vir ons sin nie.

Maar ons weet ook dat ons mense nie God se weë kan begryp nie. Sy gedagtes is ver bo ons gedagtes. As sondaars sal ons nooit hierdie sake bymekaar kan bring nie. Maar dit verbaas ons ook nie dat ons nie elke deel van God se openbaring mooi in ons logiese hokkies kan laat pas nie. Ons weet egter dat God volmaak is en sy besluite en die uitvoering van sy besluite is volmaak – selfs wanneer dit vir ons in ons sondige toestand lyk of die sake glad nie by mekaar kan pas nie.

Wat moet ons dan vanaand uit hierdie artikel van ons belydenis leer? God openbaar nooit aan mense wie uitverkies is en wie nie uitverkies is nie. Aan sy kerk het Hy die opdrag gegee om die evangelie van Jesus Christus aan almal te verkondig. En saam met Paulus kan ons in alle erns sê:

Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen. (2 Korintiërs 5:20 AFR53)

Die mense wat nooit na die roepstem van God luister nie, doen dit omdat hulle nie wil nie. Al dreig jy hulle met die dood, wil hulle steeds nie luister nie. Ja, dit is inderdaad so dat ons aan die einde van die dae sal kan sê dat hulle nie uitverkies was nie, daarom het hulle ook nie geluister nie. Maar hulle sal ook op die laaste dag self erken dat hulle nie wou luister nie en daarom verdien om verwerp te wees.

Mag ons die genade geskenk word om elke keer wanneer ons die roepstem van God hoor, sal luister en deel in die vreugde en blydschap van God.

Amen!

Slotgebed

Psalm 91:1, 8 (p. 460)

- 1 Wie toevlug neem in veil'ge hut / en skuil by die Alhoë,
hy word beskadu en beskut / deur God se alvermoë.
O HEER, my Rots, op wie ek bou, / by U is't my die beste;
my toevlug waar ek stil vertrou, / in nood my veil'ge veste.

8 “Hy roep, en Ek beskerm hom daar, / totdat die nood verby is;
Ek lei hom na die hoogtes waar / ’n eerkrans hom berei is.
Die menseleeftyd, vlug en kort, / verleng Ek uit genade,
sodat hy blye[^]aanskouer word / van al my reddingsdade.”

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
13 Maart 2016